# Die lewe en werk van H P Wolmarans, teologiese dosent 1935-1959

F J van Zyl
Universiteit van Pretoria

Abstract
The life and work of H P Wolmarans, lecturer in theology 1935-1959

This article, written by his successor and a former student, professor emeritus Francois J van Zyl, contains an in-depth discussion of prof H P Wolmarans's theological views on Revelation, Christ and on the various religions. Wolmarans is depicted as a theologian in the Reformed tradition, although critical of Calvin and, more specifically, Bavinck, with regard to natural revelation. His doctoral thesis displayed a great admiration of the Dutch theologian, Kohlbrügge. Later he became the first proponent in the Nederduitsch Hervormde Kerk of the German school of Dialectic Theology, as represented by Emil Brunner.

## 1. VORMINGSJARE

Hendrik Petrus Wolmarans is op 7 September 1894 gebore op die plaas Transvalia in die distrik Ermelo as vierde kind van Douw Gerbrand Steyn Wolmarans en Anna Eleonora, gebore Geldenhuis. Sy voorskoolse jare ontsluit nie net 'n boeiende verhaal nie, maar dit toon ook die staal waaruit hierdie man gevorm is, sowel as die omstandighede wat bepalend was vir sy latere lewe. Op sesjarige leeftyd beland hy saam met sy moeder en vyf ander kinders in die konsentrasiekamp by Volksrust. 'n Mens kan jou beswaarlik indink watter ontsettende indruk die ervarings in die kamp op die ontvanklike gemoed van 'n seun in hierdie jare moes gemaak het. Volgens

die getuienis van een van sy dogters het dit hom nie haatdraend gemaak nie, hoewel hy sy lewe lank 'n afkeur aan ronde tente gehad het. Ondanks al die ontberings wat eie was aan hierdie oorlogskampe, was die Wolmaransgesin een van die weiniges wat met al die kinders weer tuisgekom het ná die oorlog.

Die armoede en algemene nood ná die oorlog het dit onmoontlik gemaak om die Wolmaranskinders tegelyk skoolonderrig te laat kry. Om die beurt moes hulle die plaaslike laerskooltjie besoek. Hendrik se beurt het gekom toe hy omtrent dertien jaar was, maar na 'n jaar of wat moes hy die skool verlaat om behulpsaam te wees met die boerdery. Hy wóú egter verder leer. Een Maandagoggend toe dit nog donker was, het hy te perd, met medewete en hulp van sy ma, Ermelo toe gery om die prinsipaal van die skool te gaan spreek. Die onderhandeling met die skoolhoof het gelei tot die ooreenkoms dat hy as leerling ingeskryf sal word en wel in standerd drie of vier, mits hy eers sou leer om breuksomme te maak. Daardie nag het sy neef, Frik Wolmarans, hom met breuksomme gehelp en die volgende dag het sy skoolloopbaan in alle erns begin. Toe Pa Wolmarans na sy seun gaan soek, het die skoolhoof hom oortuig dat die Afrikaner 'n groot behoefte aan geleerdheid het, dat hy 'n intelligente seun het en dat hy 'n plan moes maak. Dit het daartoe gelei dat die Wolmaransgesin 'n huis op die dorp gehuur het, met loseerders die huur betaal het en met groente wat die jong Hendrik self op die erf gekweek het, verdere koste bestry en boeke gekoop het.

Prof Wolmarans het in 1916 aan die Hoërskool Ermelo gematrikuleer en die jaar daarna as teologiestudent geregistreer aan die destydse TUK. Om te kan studeer, het hy as 'n baie groot voorreg beskou en weinig simpatie met mense gehad wat so 'n voorreg misbruik. Hy het hard studeer en vir die BA-graad baie meer as die verpligte kursusse geneem, onder andere ook Chemie en Geologie. Naas die BA- het hy ook nog die MA-graad behaal. Hy was egter, in studentetaal, nie 'n akademiese wrak nie, maar het ook nog tyd en aandag gehad vir studenteverenigings en sport. Reeds in sy eerste jaar het hy erekleure vir rugby verwerf, die jaar ook waarin Tukkies vir die eerste keer die Carlton-beker gewen het.

Die studente wat hulle in 1917 aan die TUK bevind het, is kort voor of in die Driejarige Oorlog gebore. Met trots het hulle gedink aan die Bittereinders en hulle stryd teen die oormag in die Engelse oorlog. Die Eerste Wêreldoorlog was nog aan die gang en die Rebellie, of soos dit soms ook genoem word, Gewapende protes van 1914, was nog vars in die geheue. Onder studente is die eerste onmiskenbare tekens van 'n ontwakende Afrikaner-nasionalisme opgemerk. Dit is in hierdie geestelike klimaat waarin Wolmarans hom bevind het toe hy student geword het in 1917. Prof C H Rautenbaeh skryf in sy hoedanigheid as rektor van die Universiteit van Pretoria by die aftrede van prof Wolmarans in 1959: 'Dit was 'n tyd toe jong Suid-Afrika hom

bewus begin aangord het vir die stryd. Wolmarans was nie een van die vleisbraaiers nie, maar het op 'n natuurlike wyse hom onder die aktiviste bevind...H P Wolmarans van 1917 af verder het die agtergrond gehad om in sake van taal en kultuur 'n yweraar te wees. So het hy deur die jare gebly die Christelik-nasionale mens (Rautenbach 1959:47).

Die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, ds A J G Oosthuizen, skryf ook by sy uittrede as professor soos volg oor prof Wolmarans:

> Hy het daarin geslaag om deur sy houding en optrede en ook deur sy persoon iets van ons voorvaders in die moderne tyd in te dra. Dit is seker een van sy grootste verdienstes dat hy op 'n unieke wyse die gebondenheid van ons kerk, in die teenswoordige gejaagdheid om steeds nuwe aanpassings te verwerk, aan die stoerheid en eenvoud van die verlede verpersoonlik het...Sy vaderlandsliefde en sy intense meelewing met ons volk in sy stryd om die erwe van ons vaders te behou, was 'n inspirasie vir sy studente en ons almal.
>
> (Oosthuizen 1959:46)

Almal wat hom persoonlik geken het, sal seker saamstem dat hy tot in sy ouderdom niks meer geniet het as om naby die Afrikaanse grond te lewe nie. Nêrens was hy waarskynlik meer gelukkig as in die pragtige Magoebaskloof wat hy as 't ware 'ontdek' het en waar hy kon plant en werskaf en in die letterlike betekenis van die woord boer kon wees nie. Die Afrikaanse bodem, die Afrikaanse saak met al sy aspekte van kultuur en politiek was sy groot belangstelling. Oom HP, soos sy studente van hom gepraat het, het hulle geleer dat godsdiens en kultuur onlosmaaklik met mekaar verbind is. Die godsdiens as geloofsbetrekking tussen skepsel en Skepper, word deur die mens as kultuurwese geleef. Daardie kultuur word nie opgehef deur die geloof nie, maar dit word hervorm deurdat dit 'n kultuurlewe word wat in gehoorsaamheid aan God se Woord geleef word. Hy het sy studente geleer dat 'n gelowige kerkmens nooit los van sy volk en vreemd teenoor sy vaderland hoef te leef nie. Hy wou liefde wek vir die nasionale, geografiese en kulturele ruimte waarbinne die kerk van die Here lewe.

## 2. WOLMARANS AS PREDIKANT

Na voltooiing van die predikantstudie in 1921 word hy die volgende jaar georden en bevestig as predikant van die gemeente Zeerust. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het met sy toetrede oor nog nie eers twintig predikante beskik nie. Dit was die tyd van heropbou van die kerk na die mislukte kerkvereniging. Vanselfsprekend was die kerklike organisasie baie kleiner as vandag. 'n Mens kan sê dat al die predi-

kante as 't ware betrokke was by die sinodale kommissies van daardie tyd. Soos in *Die Hervormers* van daardie tyd gereflekteer, blyk dit dat die jong ds Wolmarans besonderlik betrokke was by die Sondagskoolaangeleenthede. 'n Hele aantal jare lank was hy die voorsitter van die Kommissie tot Bestryding van Sektariese Geestesstrominge wat later verander is tot Kommissie in verband met die Sektewese.

In dieselfde jaar van sy ordening en bevestiging tree hy in die huwelik met Corrie Human, 'n nooi uit Ermelo se wêreld. 'n Seun en drie dogters is uit die huwelik gebore. In 1927 word 'n beroep aangeneem en verhuis die Wolmaranse uit Wes-Transvaal na Pietersburg in Noord-Transvaal. Tien jaar lank was Wolmarans predikant in hierdie gemeente. In hierdie tyd behaal hy ook deur middel van buitelandse studie die doktorsgraad in die teologie: Hy promoveer op 1 April 1932 en hervat sy predikantswerk in Pietersburg totdat hy in 1937 'n beroep na die stadsgemeente, Boksburg, aanneem. Die fisiese voordeel van die nuwe standplaas was dat dit aansienlike reisverligting meegebring het. Afgesien daarvan dat die gemeente Pietersburg geografies baie uitgebreid was, moes daar weekliks nog een dag per trein na Pretoria gereis word om lesings waar te neem in die nuutgestigde Departement Godsdienswetenskap waarin dr Wolmarans sedert 1935 as lektor benoem is. Die volgende jaar (1938) verhuis die gesin na Pretoria met die aanvaarding van die professoraat in Godsdiens- en Sendingwetenskap aan die Universiteit van Pretoria. Dit was egter nie die einde van sy gemeentelike betrokkenheid nie. Na aanvaarding van emeritaat aan die einde van 1959, word hy die volgende jaar bevestig as predikant van die gemeente Johannesburg-Suid. Na 'n kortstondige verblyf van een jaar word hy deur die kerk beroep om die dosentskap in Ou Testament waar te neem aan die Stoffberg-Gedenkskool in die nabyheid van die Universiteit van die Noorde. Prof Wolmarans se sesjaarlange verbondenheid aan hierdie inrigting vorm die voorlaaste fase van 'n lang voorgeskiedenis wat uiteindelik uitgeloop het op 'n eie en selfstandige teologiese opleiding vir die leraars van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Suidelike Afrika. Na beëindiging van die verbintenis met die Stoffberg-Teologiese Skool was hy van 1968 tot 1970 weer predikant van die kombinasie Van Warmelo-Vivo-Dendron. Behalwe al die reeds genoemde gemeentes wat hy bedien het, is die gemeentes in Oos-Afrika en Rhodesië ook nog tussentyds besoek.

Na 'n lang, vol en vrugbare lewe van toegewyde diens aan kerk en volk as leraar en as hoogleraar, val hierdie rysige, sierlike en eiesoortige seder van die Nederduitsch Hervormde Kerk op 29 Desember 1980, en op 2 Januarie 1981 word hy ter ruste gelê. Sy kalme, bedaarde en verstandige optrede, sy nugtere, gesonde en suiwere teologiese insig en oordeel, sy ernstige, eerlike, nederige en blymoedige lewenshouding het by almal wat met hom te doen gekry het, agting afgedwing.

## 3. DIE TEOLOGIESE DENKE VAN H P WOLMARANS

### 3.1 Promosie en hoogleraar

Prof Wolmarans se akademiese studie bereik sy hoogtepunt toe hy in 1932 promoveer tot Doktor in die Godgeleerdheid aan die Rijksuniversiteit van Groningen met 'n proefskrif getiteld, *God en mens 1: Die mens naar die beeld van God.* Die studie in die buiteland het met groot finansiële opofferings gepaard gegaan. Tydens die studie beland hy ook nog in die hospitaal. Na sy terugkeer uit die buiteland word hy in 1935 as lektor aangestel in die nuutgevormde Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap en in 1938 as hoogleraar. Aanvanklik is slegs onderrig gegee in Godsdiensgeskiedenis (drie jaar), Godsdiensfilosofie (twee jaar), Godsdiensfenomenologie (twee jaar) en Godsdienspsigologie (een jaar). Veel later eers is Sendingwetenskap gedoseer (vanaf 1955).

Dit is hier miskien die beste plek om aandag te vra vir 'n gebeurtenis in die lewe van die pasaangestelde professor wat getipeer kan word as 'n intermezzo in mineur. Op sy vergadering van Mei 1937 het die Algemene Kerkvergadering besluit om 'n kommissie van ondersoek aan te stel wat moes rapporteer oor die Kommunisme en sy bewegings in die Suid-Afrikaanse vakunies. Nog voor die einde van die vergadering het die Kommissie sy rapport ter tafel gelê met die aanbeveling dat 'n verdere kommissie benoem word om dieper op die saak in te gaan en om dan 'n brosjure op te stel om lidmate van die kerk te waarsku teen die gevaar wat kerk en volk bedreig. Die brosjure is deur prof Wolmarans opgestel met die titel, *Kommunisme en die Suid-Afrikaanse vakunies.* Die brosjure het die volgende jaar verskyn, maar het 'n ongelukkige nasleep in die Hooggeregshof gehad wat prof Wolmarans skuldig bevind het op 'n tegniese punt van laster teen die sekretaris van die Klerewerkersunie, E S Sachs. Die verspreiding van die brosjure is gevolglik verbied. Later het prof Wolmarans egter 'n belangrike artikel geskryf in die tydskrif *Woord en waarheid* oor 'Bolsjewisme of Russiese Kommunisme' in die artikelreeks, 'Die Christendom in nood' (Wolmarans 1946b).

Die aanstelling van prof Wolmarans, eers as lektor en later as hoogleraar, het 'n nuwe era in die teologiese fakulteit ingelui, in dié sin dat daar van toe af 'n nuwe klank verneem is, naamlik dié van die Dialektiese Teologie. Die nuwe klank is veral gehoor in die lesings in Godsdiensfilosofie wat eintlik 'n woordelike vertaling was met toegevoegde opmerkings en verduidelikings van Emil Brunner se *Religionsphilosophie evangelischer Theologie.* Ander werke van Brunner wat vir selfstudie voorgeskryf is, was *Der Mittler* en *Die Mystik und das Wort.* In die vroeë dertigs van hierdie eeu was daar nog geen eenstemmigheid oor die aard, die omvang, die inhoud en die ensiklopediese plek van die Godsdiensfilosofie nie. In hooftrekke stem Wolmarans saam met Brunner dat daar Godsdiensfilosofie èn Godsdiensfilo-

sofie is. Die voor die hand liggende en algemeen aanvaarde opvatting in die vorige eeu en die begin van die twintigste eeu was dat Godsdiensfilosofie 'n filosofiese vak is. Dit is filosofiese besinning op die godsdiens as menslike lewensvorm en wesenlik verskil dit nie van enige ander soort filosofie nie, soos kultuurfilosofie, geskiedsfilosofie, taalfilosofie en so meer. Aan die bestaan van so 'n godsdiensfilosofie hoef niemand te twyfel nie, ook nie oor sy ensiklopediese plek nie: Dit hoort tuis in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Die groot verdienste van Brunner, volgens Wolmarans, is dat hy Godsdiensfilosofie vir die teologie gered het deurdat hy in plaas van die heersende filosofiese, vir hierdie vak 'n teologiese fondament gegee het. Dit beteken dat die Godsdiensfilosofie nie meer moet uitgaan van die gegewens van die waarneming en die ervaringswetenskappe, soos byvoorbeeld die gegewens van die Godsdiensgeskiedenis nie, maar van die gegewens van die openbaring in Christus. So ontstaan daar dus Godsdiensfilosofie wat hom onderwerp aan die gesag van God se Woord en nie aan die rede-immanente denke met die gegewens van die waarneming nie. So 'n godsdiensfilosofie wat nie meer filosofie nie, maar teologie is, noem Brunner 'Godsdiensfilosofie in oneintlike sin'. Op hierdie punt verskil Wolmarans van Brunner: Hy noem Godsdiensfilosofie in 'oneintlike sin' 'n 'nekomgedraaide' filosofie (Wolmarans 1946a:9). Materieel het hy nie besware teen Brunner se oplossing van die godsdiensfilosofiese probleem nie, maar formeel wel. Sy vraag is of dit nie onwetenskaplik is om die voor die hand liggende betekenis van 'n begrip te vervang met 'n inhoud wat direk in teenstelling is met die bekende betekenis nie. Hy reken dat Brunner filosofie wil beperk tot besinning slegs op die gegewens van die waarneming en waarnemingswetenskappe. Sy vraag is om welke rede besinning op die openbaringsgegewens nie ook filosofie genoem kan word nie en waarom Wysbegeerte van die Openbaring nie Wysbegeerte kan wees nie. Sy slotsom is dat 'n Christelike Godsdiensfilosofie wat filosofie in eintlike sin wil wees, wel moontlik is. Of daar wesenlike verskil is tussen Wolmarans en Brunner se beskouings, kan beswaarlik beweer word. Dit lyk meer na 'n verskil in woorde. Albei wil die Godsdiensfilosofie 'n teologiese vak maak en vir albei is die voorwaarde daarvoor die erkenning van die openbaring in Christus as die uitgangspunt, inhoud en norm van besinning. Die probleem van die naam van hierdie vak waarmee Brunner en Wolmarans geworstel het, is in latere jare opgelos toe dit 'Teologie van die Godsdiens' genoem is.

Daar word vervolgens aandag gegee aan Wolmarans se verklaring dat Brunner nie van filosofie wat uitgaan van openbaringsgegewens in eintlike sin wil praat nie. Hy beskou dit as 'n toegewing aan die filosofie wat besinning op die gegewens van die waarneming en waarnemingswetenskappe as sy uitsluitlike reg as filosofie opeis. Agter hierdie filosofiese beskouing lê daar volgens hom die miskenning en ontken-

ning van die ewige dualisme van natuurlike gegewens langs die weg van die waarneming en die ervaringswetenskappe aan die een kant en die bonatuurlike gegewens van die openbaring langs die weg van God se Woord aan die ander kant. Dit gaan hier om 'n oppervlakkige optimistiese monisme ten opsigte van die bron en oorsprong van alle kennis. Naas die ervaringskennis het die geloofskennis geen reg van bestaan nie. Agter hierdie monisme lê daar die monistiese wêreldbeskouing wat die absolute kwalitatiewe onderskeid tussen ewigheid en tyd, Skepper en skepsel, God en wêreld, eenvoudig ontken. Met hierdie uitspraak van prof Wolmarans oor die diskontinuïteit tussen Skepper en skepsel word een van die fundamentele vooronderstellings van die dialektiese teoloë via Kierkegaard en Kohlbrügge aangeraak wat hy in 'n oortreffende mate ook sy eie gemaak het, sodat Haitjema daaroor skryf: 'Wolmarans is plus Kohlbrüggien que Kohlbrügge' (Haitjema 1948:47). Hierdie uitspraak oor die diskontinuïteit tussen God en wêreld is 'n goeie aanhakpunt om 'n baie sentrale tema in die teologiese denke van prof Wolmarans aan die orde te stel, naamlik die openbaringsbegrip.

### 3.2 Die openbaringsbegrip

Prof Wolmarans begin sy doktorale studie aan die Rijksuniversiteit van Groningen in 'n tyd toe die openbaringsprobleem baie brandend was in die destydse teologie. Veral Brunner het baie aandag daaraan gegee as een van die formele probleme waarmee 'n Christelike Godsdiensfilosofie hom behoort besig te hou, volgens hom. Daar is na skrywer se wete nie nog 'n Afrikaanse teoloog wat helderder en indringender oor hierdie probleem nagedink en geskryf het as hy nie. En omdat dit nog altyd 'n fundamentele probleem van die teologie is, is dit die moeite werd om weer sy standpunt onder oë te neem. In sy doktorale proefskrif, *Die mens naar die beeld van God* (Wolmarans 1932, veral 165-179) en in sy rede by die aanvaarding van die professoraat in die Godsdienswetenskap oor *Die betekenis van die Openbaringsbegrip vir onse tyd* (Wolmarans 1938), het hy hieroor sy opvatting duidelik gestel. Natuurlik kan die hele aangeleentheid nie in besonderhede aan die orde gestel word nie en word slegs die kern van die saak uitgelig.

Vir prof Wolmarans is die belangrikste vraag in sake die Openbaring die vorm en die medium daarvan. Deur die eeue is dit die groot strydvraag, nie net tussen die Christelike geloof en die heidense godsdienste nie, maar ook tussen verskillende Christelike strominge. Uitgaande van 'n uitspraak van Brunner dat God alleen deur God geken kan word, betoog hy dat dit eerstens beteken dat alle openbaringsinisiatiewe van God uitgaan en verder dat die medium of middelaar van die openbaring ook God moet wees, naamlik Christus die mensgeworde Woord. Dat God Hom in

die mensgeworde Woord openbaar, beteken nie 'n verskyning van God nie. In die historiese Jesus is God nog altyd die verborge God wat eers geopenbaar word deur die subjektiewe werking van die Heilige Gees. Teenoor hierdie Christelike openbaringsgeloof staan die natuuropenbaring waarvolgens God van die hele natuur, ook die mens, sou gebruik maak om Hom te openbaar. Die middelaar van die openbaring in hierdie geval is dus nie God die Skepper nie, maar die skepsel. Natuuropenbaring is by uitstek die vorm wat voorkom by die heidense godsdienste, dus nie eenmalig soos by die Christendom nie, maar ook dikwels herhaaldelik op verskillende plekke, tye en maniere. In die geledere van die kerk is hierdie twee vorme van openbaring ook al op verskillende maniere verdedig. Natuuropenbaring – soms ook algemene openbaring genoem – word deur sommiges as enigste openbaring verdedig. Die Christus- of besondere openbaring word nie ontken nie, maar gesien as 'n besondere fase van die natuuropenbaring. Christus is nie die enigste Middelaar nie, maar daar is nog ander soos byvoorbeeld Boeddha, Zoroaster en Mohammed. Daar is andere wat die openbaring in Christus as die enigste openbaring erken. Daar is ook nog 'n derde moontlikheid, naamlik dat albei hierdie vorme van openbaring geldig vir die Christelike geloof opgevat word. God het Hom in Christus geopenbaar en daarnaas ook in die natuur. Die eerste opvatting word sonder meer as onskriftuurlik afgewys, omdat God Hom nie in die natuur kan openbaar nie, vanweë die wesensdiskontinuïteit tussen God en die natuur. Prof Wolmarans gee besondere aandag aan die derde moontlikheid: Woordopenbaring en natuuropenbaring naas mekaar. Onomwonde stel hy dat die keuse alleen maar tussen twee moontlikhede kan wees: óf openbaring in natuur, geskiedenis en die mensegees en dan staan 'n mens in dieselfde lyn met wat die heidense godsdienste deur die eeue oor openbaring gesê het, óf die openbaring van God in Christus, sy Woord. Die Skrif as openbaringsgetuienis is nie net bron en norm van die geloof nie, maar ook van die Christelike teologie. Terwyl ons kerk teologies in die Reformatoriese tradisie staan, is die Reformatoriese teologie ook die historiese uitgangspunt vir ons beoefening van die teologie. Prof Wolmarans wil dan veral luister na wat Luther, Zwingli en Calvyn oor hierdie probleem sê. Hy bevind dat die terme 'natuurlike openbaring' en 'natuurlike Godskennis' by Luther wel voorkom, maar dat hy daar geen positiewe waarde aan heg nie. Zwingli as filosoof laat wel 'n opening vir natuurlike Godskennis, maar as teoloog ken hy net die openbaring van God in Christus. By Calvyn vind hy meer ruimte vir natuurlike openbaring en natuurlike Godskennis. Calvyn beskou dit selfs as saad van die religie. Die Woord van God het per slot van rekening hierby slegs aanvullende betekenis, want dit is slegs die bril om die Openbaring in die natuur op te merk. Nogtans betoog Calvyn verder dat op hierdie saad van die religie nooit enige vrug gesien sal kan word nie. Dit is ongenoegsaam en nutteloos vir

die saligheid. Prof Wolmarans vra watter betekenis die natuurlike Godskennis en -openbaring dan eintlik nog het. Dit is vir hom 'n vraag of dit sin het om dit te bevestig as dit tog geen betekenis het nie.

Sy konklusie is dat die vernaamste verteenwoordigers van die Reformasie natuurlike openbaring en -Godskennis beslis verwerp. Hulle ontken nie die bestaan daarvan nie, maar beslis die nutteloosheid daarvan. Dat die Reformatore die bestaan daarvan nie ontken nie, skryf prof Wolmarans daaraan toe dat hulle verleë was met die elemente van waarheid en Godskennis wat daar, hoe verward en verdraaid dan ook nog, by heidense godsdienste erken moet word. Hy self beskou dit as vermengde en verminkte reste van God se Woordopenbaring. Hierdie Woordopenbaring kan die algemene Woordopenbaring, dit wil sê die skeppingsopenbaring wees of die besondere Woordopenbaring in Christus. Hy reken dat hierdie gedagte egter nie by die Hervormers opgekom het nie. Hulle het wel besef dat die erkenning van 'n natuurlike openbaring en kennis van God nie die openbaring in Christus en die Godskennis deur die Woord aanvul nie, maar dit eerder bedreig. Daarom het hulle die betekenis daarvan tot die minimum beperk. Hy reken egter dat hulle nie voorsien het dat hulle daarmee die absoluutheid en algenoegsaamheid van Christus as enigste openbaring van God, as enigste Middelaar tussen God en mens in gevaar gestel het en dat hulle die Christelike geloof oopgestel het vir verval en verwatering nie. Daarom is dit nodig dat die lyn wat by die Reformatore geëindig het, deurgetrek moet word, maar met skerper afwysing van die gedagte dat natuurlike openbaring en Godskennis minimum betekenis het. Dit bestaan immers nie en het nooit bestaan nie en die erkenning van slegs 'n minimum betekenis daarvan is 'n bron van gevaar vir die Christelike geloof.

Prof Wolmarans is daarvan oortuig dat die probleme vir die Christelike geloof nie opgelos sal word nie, maar eerder vererger sal word as Woordopenbaring en natuuropenbaring naas mekaar gehandhaaf en aan albei positiewe betekenis toegeken word. As daar twee vorms van objektiewe openbaring van God naas mekaar gehandhaaf word, moet daar ook twee openbaringsmiddels wees: Christus, God se Woord, en die natuur, die skepsel. Die groot vraag is wat die verhouding van die twee middels tot mekaar dan moet wees. Hy vra of Christus en die natuur dan eenswesens is. As God Hom deur die natuur net so goed as deur Christus openbaar, is die vraag waarom Hy Hom dan ook nog in Christus hoef te openbaar. Hy meen dat Bavinck die gewig van hierdie vraag gevoel het, maar 'n baie bedenklike antwoord daarop gegee het: Naas die openbaring in sy Woord is daar 'n nog magtige voortgaande openbaring van God in die natuur. Calvyn se beeld van die bril werk hy nog verder uit en beklemtoon dat die openbaring van God in Christus maar 'n bril is om sy eintlike openbaring in die natuur raak te sien. Dit is 'n bedenklike opvatting as

bedink word dat openbaring van God ook selfmededeling, genade en verlossing beteken. Omdat 'n bril maar net 'n hulp is, kom die vraag op of Christus dan maar 'n hulp-openbaarder, -verlosser of -saligmaker is. Genade het nou 'n hulp vir en herstel van die natuur geword en daarmee is ons vierkant terug in die Roomse leer van natuur en genade.

Vir Wolmarans is dit onteenseglik duidelik dat daar maar een openbaring van God aan die mens en vir die mens kan wees en dit is sy openbaring in die Woord wat in Christus mens geword het en onder die mens kom woon het. Daar is natuurlik verskillende draers van hierdie openbaring: die engel, die Godsman, die profeet en so meer. Die draers is self egter nie die openbaring van God nie. Daar is nie twee vorme van geldige openbaring nie. Dit sou die grootste dwaling wees as met die openbaring in die Skriftuur en natuur twee vorme van Openbaring bedoel word. Die openbaring in die natuur is heenwysing, illustrasie, inhoud van die openbaring in die Skrif. Dit wys op die immanensie en alvoorsienigheid van God. Dit is alleen aan húlle wat God as Skepper van hemel en aarde uit die Skrif leer ken het, dat die hemele die eer van God vertel en die uitspansel die werk van sy hande verkondig (Wolmarans 1938:11).

Die aanvaarding van 'n natuurlike openbaring naas die openbaring van God in sy Woord, beteken vir Wolmarans die vermenging van geskape waarheid en skeppende waarheid, skeppende werklikheid en geskape werklikheid – twee waarhede en werklikhede wat absoluut kwalitatief van mekaar verskil. Skeppende waarheid en skeppende werklikheid is inhoud van Woordopenbaring en geloof, terwyl geskape waarheid en werklikheid inhoud van waarneming en wetenskap is. Afgodediens is die tipiese voorbeeld van 'n vermenging en verwarring van die twee. Om beelde van God te maak en te vereer, beteken om die geskapene te verhef tot beeld van God, wat tegelyk skepselvergoding en Godveragting beteken. In sy eie idioom sê prof Wolmarans: 'Dis 'n halvies om halvies deel tussen God en mens, tussen Skepper en skepsel, Ewigheid en tyd' (Wolmarans 1938:12). Dat God die aanvulling van die mens is, sien hy as die oersonde van die mens wat soos God wou wees. Dit is die sonde van Rome met sy leer van natuur en genade waarvolgens die natuur deur die genade ondersteun en vervolmaak word. Ook is dit die sonde van die modernisme en van almal wat die algenoegsaamheid en absoluutheid van Christus openlik of bedek verloën.

Wolmarans reageer die skerpste op die handhawing van 'n natuurlike openbaring en Godskennis as hy die betekenis van die teologie vir die geloofslewe in oënskou neem. Christelike geloofslewe en Christelike teologie word baie eng met mekaar verbind. Teologie is immers bewerking van die Christelike geloof, dit is die wetenskaplike vorm daarvan. Teologie het primêr nie met leer en lewe direk te

doen nie, maar met die geloof van die kerk. Die geloof realiseer en aktualiseer hom egter altyd in leer en lewe. Teologie wat gegrond is op 'n verkeerde openbaringsbegrip, moet die vrug en resultaat wees van 'n verkeerde geloof en daarom moet die teologie wat die openbaring in Christus nie as die enigste openbaring aanvaar nie, 'n wetenskaplike bewerking van die ongeloof wees. Dit is 'n krasse uitspraak – egter nie ongefundeerd nie. So 'n teologie bedreig die geloof van die kerk met verval. So 'n vervalsde teologie het noodwendig tot gevolg die verwaarlosing van die Skrif as enigste lig op die pad en enigste lamp vir die voet. Dit het prof Wolmarans omtrent vyftig jaar gelede beweer en in die hede is dit miskien meer as ooit waar. Die gevolg van so 'n teologie is dat al meer klem gelê word op die betekenis van die mensewoord wat opkom uit die menslike gemoed en op die eie godsdienstige ervaring. Dit is 'n subjektivistiese vroomheid wat hom in allerlei vorms van lekkergeloof openbaar. 'Dit word so maklik 'n "verinnerliking" en "verdieping" van die lewe waar God as Heer en Meester nie by betrokke is nie, wat staan nog sy Woord en sy kerk?' (Wolmarans 1938:14).

In hierdie tyd en veral in Suid-Afrika met sy kontekstuele en ideologies-bepaalde teologieë bly dit behartenswaardige woorde wat Wolmarans gespreek het by die aanvaarding van die leerstoel in Godsdienswetenskap. Toe het hy beweer dat, in teenstelling met die evangelieprediking, die prediking in die trant van die natuurlike teologie, nie die openbaring van God in sy Woord as inhoud sal hê nie, maar dat hierdie sogenaamde prediking wat eerder as kultuur-politieke opwekking getipeer kan word, hom altyd sal beroep op die openbaring van God in natuur, geskiedenis en mensegees. Wanneer die wil van God in ooreenstemming gebring word met natuur, geskiedenis en mensegees, is die gevolg altyd 'n oppervlakkige optimisme waar daar met die sondefeit nie rekening gehou word nie. Die wens wat hy toe uitgespreek het dat die mens hoe gouer hoe beter van so 'n optimisme genees moet word, is helaas nog nie verwerklik nie. Prof Wolmarans se konklusie ná behandeling van die openbaringsprobleem is skerp en onverbiddelik: Daar is van Christelike standpunt uit gesien geen natuuropenbaring nie, geen natuurlike Godskennis nie en geen natuurlike teologie nie. Die bestaan daarvan is denkbeeldig en spesifiek heidens.

Aan die einde van hierdie kort oorsig oor die lewe en werk van Wolmarans oorheers 'n gevoel van diepe dankbaarheid dat so 'n man aan die kerk gegee is en dat 'n mens self aan sy voete kon gesit het, maar ook 'n groot jammerte dat so 'n briljante denker vir die nageslag nie meer in geskrif nagelaat het nie.

Literatuurverwysings

Haitjema, T L 1948. *Dogmatiek als apologie*. Haarlem: de Erven F Bohn.

Oosthuizen, A J G 1959. By die uittrede van prof dr H P Wolmarans. *HTS* 15/2, 3 & 4, 45-46.

Rautenbach, C H 1959. H P Wolmarans en die kultuurstrewe van die Afrikaner. *HTS* 15/2, 3 & 4, 47-48.

Wolmarans, H P 1932. *God en mens 1: Die mens naar die beeld van God*. Amsterdam: J Muusses.

--- 1938. *Die betekenis van die openbaringsbegrip vir onse tyd*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Reeks IV: nr 12.)

--- 1946a. Christelike Godsdiensfilosofie. *Woord en waarheid* 2/4, 3-12.

--- 1946b. Bolsjewisme of Russiese Kommunisme. *Woord en waarheid* 3/4, 9-17.

--- sj. *Kommunisme en die Suid-Afrikaanse vakunies*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Kommissies en rade waarop Wolmarans gedien het

* Commissie van Waakzaamheid voor Lager Onderwijs: 1924-1925. (Na 1925 bestaan die kommissie nie meer nie.)
* Boeken Commissie: 1924-1925.
* Jeugd Commissie: 1925-1929.
* Redaksie van *Almanak* en *Die Hervormer*: 1925-1931; 1932-1937; 1940-1942.
* Kommissie voor de Afrikaanse Bybelvertaling: 1928.
* Eksaminator vir Proponentseksamen: 1928-1930 (sekunduslid).
* Goddefroy-gedenksaal Fonds Kommissie: 1934-1937.
* Kommissie tot bestryding van Sektariese Geestestrominge: 1937-1948 (voorsitter). (In 1940 verander die naam na Kommissie i v m die Sektewese.)
* Kommissie vir Opvoeding en Onderwys: 1937-1951 (1947-1951 as voorsitter).
* Kommissie vir Belydenis- en Liturgiese Geskrifte en Formuliere: 1948-1960.
* Raad vir arbeid onder nie-Christelike volke: 1957-1961.
* Sentrale Raad vir die kerstening van die heidene: 1964-1967.

Publikasies

Boeke en brosjures

1932. *God en mens 1: Die mens naar die beeld van God*. Amsterdam: J Muusses.

1938. *Die betekenis van die openbaringsbegrip vir onse tyd*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Reeks IV: nr 12.)

sj. *Kommunisme en die Suid-Afrikaanse vakunies*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

sj. *Die heilige doop: behandel in vyf preke*. Krugersdorp: Weeshuis Pers. (Oorgedruk uit *Die Hervormer* 17/2, 17/3, 17/4, 17/5, 17/6).

sj. *Die gronde vir Apartheid*. Krugersdorp: Weeshuis Pers. (Oorgedruk uit *Die Hervormer* 59/1, 59/2, 59/3).

Artikels in die *Hervormde Teologiese Studies*

1946. Die analogia entis. *HTS* 3/3 & 4, 140-144.

1960. Artikel III van die Kerkwet van die Ned Herv Kerk van Afrika. *HTS* 16/3, 231-239.

1962. Menswaardigheid en menslike regte na aanleiding van die Skrif. *HTS* 18/3, 83-90.

1966. Wat sê Maleagi van egskeiding? *HTS* 22/3, 46-47.

(*HTS* 15/2, 3 & 4, 1959 is 'n huldigingsnommer aan prof Wolmarans by sy aftrede.)

Boekbesprekings in die *Hervormde Teologiese Studies*

1951. Kempff, D. Die skeppingsleer van Karl Barth. *HTS* 7/4, 224-226.

1954. De Klerk, B J. Die Roomse gevaar. *HTS* 9/2, 68-69.

1954. Bavinck, J H. Inleiding in de Zendingwetenschap. *HTS* 11/2, 109-110.

1954. Feenstra, J G. Barth of Dordt. *HTS* 11/2, 110.

1954. Gispen, W H. Het pyramide-geloof. *HTS* 1/2, 111.

Artikels in ander tydskrifte

1946. Christelike Godsdiensfilosofie. *Woord en waarheid* 2/4, 3-12.

1946. Bolsjewisme of Russiese Kommunisme. *Woord en waarheid* 3/4, 9-17.

1946. 'En neergedaal na die Hel toe' (Godsdienswetenskaplik gesien). *Woord en waarheid* 2/1, 3-7.

1946. Christelike Godsdiensfilosofie. *Woord en waarheid* 2/4, 3-12.

1950. Die Christelik-Nasionale lewensbeskouing en sy implikasies. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 1/1, 29-49.

(Dit is bekend dat prof Wolmarans verskeie artikels in *Woord en waarheid* geskryf het, maar ongelukkig kon 'n volledige stel van dié Pretoriase tydskrif wat in die vyftigerjare opgehou het om te verskyn, nie opgespoor word nie.)

**Artikels in die *Almanak***

1925. Die burgerlike eed. *Almanak* 19, 184-194.
1926. Die Sondagskool. *Almanak* 20, 113-116.
1926. Die hemel. *Almanak* 20, 117-124.
1927. Stil vertroue op God. *Almanak* 21, 103-108.
1928. Sabbatsviering. *Almanak* 22, 204-210.
1932. Die brief van Paulus aan die Kolossense. *Almanak* 26, 93-98.
1932. Chronologie van die Apostel Paulus. *Almanak* 26, 114-122.
1934. 'n Kort rede op Wapenstilstanddag. *Almanak* 28, 97-98.
1936. Die Evangelie van die Apostel Paulus. *Almanak* 30, 77-83.
1938. Die Godsdiens in ons kultuurstryd. *Almanak* 32, 114-122.
1939. Krugerdag. *Almanak* 33, 114-120.
1953. Die Christelike plig van die blankes teenoor die nie-blankes in SA. *Almanak* 47, 100-102.
1968. Die uitwissing van die Van Rensburg-trek in 1837. *Almanak* 62, 92-95.
1974. Ons het goeie moed. *Almanak* 68, 10-14.

**Artikels in *Die Hervormer***

1923. Bybelstudie: Die wetgewing op Sinaï. *Die Hervormer* 15/1, i-iii.
1924. Oordenking: Joh.14:16,18. *Die Hervormer* 15/12.
1924. Oordenking: Demas. *Die Hervormer* 16/4.
1925. Die heilige doop I. *Die Hervormer* 17/2, 25-27.
1925. Die heilige doop II. *Die Hervormer* 17/3, 47-48.
1925. Die heilige doop III. *Die Hervormer* 17/4, 70-72.
1925. Sondagskoollesse uitgewerk deur H P Wolmarans. *Die Hervormer* 17/4, 80-82.
1925. Die heilige doop IV. *Die Hervormer* 17/5, 94-96.
1925. Die heilige doop V. *Die Hervormer* 17/6, 118-9.
1926. Die laaste woorde van Moses. *Die Hervormer* 17/10, 223.
1926. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 17/11, 251.
1926. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 17/12, 268.
1926. Wie moet die vernaamste ampte beklee in die Kerk? *Die Hervormer* 18/1, 9.
1926. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 18/1, 10.
1926. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 18/3, 3.
1926. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 18/4, 46.
1926. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 18/6,70.

1926. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 18/8, 98.

1926. Die Hervorming. *Die Hervormer* 18/8, 90.

1926. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 18/9, 110.

1927. Ds J van Belkum: Huldeblyk. *Die Hervormer* 18/16, 198.

1927. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 18/17, 221.

1927. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 18/18, 235.

1927. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 18/19, 253.

1927. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 18/21, 285.

1927. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 18/22, 301.

1927. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 19/2, 19.

1927. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 19/6, 69.

1927. Vir die Sondagskool. *Die Hervormer* 19/8, 93.

1928. Sondagskool vir die Jeug: Die geboorte van Jesus. Die Wyses uit die Ooste. *Die Hervormer* 19/12-13, 146-147.

1928. Sondagskool vir die Jeug. *Die Hervormer* 19/18, 207.

1928. Sondagskoollesse. *Die Hervormer* 19/21, 248.

1928. Sondagskoollesse. *Die Hervormer* 19/22, 259.

1928. Sondagskool vir die Jeug. *Die Hervormer* 20/2, 29.

1928. Vir die jeug: Waak en bid. Mat 26:14. *Die Hervormer* 20/5, 95.

1929. Die tien gebooie in Afrikaans. *Die Hervormer* 20/14, 198.

1933. Oordenking by die geleentheid van die ontvangs van die Bybel in Afrikaans op 27 Aug 1933. *Die Hervormer* 24/7, 1.

1935. Oordenking Gen 18:17: Rede by geleentheid van die hoeksteenlegging te Soekmekaar op 7 Des 1934. *Die Hervormer* 25/24, 1.

1935. Die gemeentes in Rhodesië: Indeling in 3 groepe; bearbeiding. *Die Hervormer* 26/2, 11.

1936. Oordenking: Die Kerk – Gal 4:26. *Die Hervormer* 27/15, 3.

1936. Die gemeentes in Rhodesië moet weer besoek word. *Die Hervormer* 27/17, 10.

1938. Prof dr H J Greyvenstein. (Huldeblyk by die mondigwording van die Fakulteit). *Die Hervormer* 29/39, 7.

1938. Brosjure opgestel ivm Kommunisme namens die Kommissie. *Die Hervormer* 29/40, 9.

1939. Kerk en neutraliteit. *Die Hervormer* 30/56, 11.

1940. Pamflet oor Kommunisme. *Die Hervormer* 31/64, 5.

1940. Die radio en die kerk. *Die Hervormer* 31/70, 16.

1953. Groepsgebied en woonbuurtskeiding. Samevatting van referate, toesprake en besluite van SABRA 1952. *Die Hervormer* 44/8, 12.

1957. Oordenking. Die lyde van Christus. *Die Hervormer* 48/4, 4.
1967. Afskeidsrede. Nov 1966 te Turfloop. *Die Hervormer* 58/2, 4.
1967. Wat sê Maleagi van egskeiding? Mal 2:10-16. *Die Hervormer* 58/3, 6.
1968. Rede by die graf. Prof J H J A Greyvenstein. *Die Hervormer* 58/10, 10.
1968. Die gronde vir Apartheid I. *Die Hervormer* 59/1, 11.
1968. Die gronde vir Apartheid II. *Die Hervormer* 59/2, 11.
1968. Die gronde vir Apartheid III. *Die Hervormer* 59/3, 9.
1970. Gemengde huwelike: Besluit van die Gereformeerde Sinode daaroor. *Die Hervormer* 61/4, 17.
1972. Herdenkingsrede: Prof H P Wolmarans - 50-jarige ampsbediening. *Die Hervormer* 63/6, 4.

Briewe, kennisgewings in *Die Hervormer* (deur H P Wolmarans)

1923. Brief uit Brits-Oos-Afrika. *Die Hervormer* 14/8, 18.
1923. Brief uit Tanganjika. *Die Hervormer* 14/9, 13.
1923. Brief vanaf die skip Karagola. *Die Hervormer* 14/10, 7.
1923. Kerkdiensten. *Die Hervormer* 14/12, 11.
1923. Korrespondensie oor die briewe van ds Erasmus, ds Vermooten, en br Koopmans in die vorige uitgawe nav 'n brief van prof Engelbrecht. *Die Hervormer* 14/12, 15.
1923. Besoek aan die gemeentes van die Hervormde Kerk in Oos-Afrika. *Die Hervormer* 15/1, 6.
1923. Bybelkenniseksamen. *Die Hervormer* 15/3, 10.
1923. Bybelkenniseksamen: 'n Beroep op predikante en kerkrade vir belangstelling. *Die Hervormer* 15/4, 8.
1924. Hervormde Kerk: Bybeleksamen uitslae. *Die Hervormer* 15/12, 12.
1924. Bybelkenniseksamen. *Die Hervormer* 16/4, 9.
1924. Bybelkenniseksamen. *Die Hervormer* 16/6, 12.
1925. Bybelkenniseksamen. *Die Hervormer* 16/7, 14.
1925. Superintendent van die Sondagskole van die Westelike Ring: versoek dat Sondagskoolrapporte so gou moontlik teruggestuur word. *Die Hervormer* 16/7, 15.
1925. Bybelkenniseksamen uitslae. *Die Hervormer* 17/2, 21.
1926. Bybeleksamen 1926 Hervormde Kerk. *Die Hervormer* 17/3, 43.
1925. Diploma in Bybelkennis vir Sondagskool. *Die Hervormer* 17/3, 44.
1925. Bybelkenniseksamen. *Die Hervormer* 17/6, 114.
1925. Bybelkenniseksamen 1926. *Die Hervormer* 17/6, 114.
1926. 'n Nuwe Ringsverdeling. *Die Hervormer* 17/8, 170.
1926. Bybeleksamen. *Die Hervormer* 17/8, 175.

1926. Die Koopmansfonds – verslag aan die Administrateur. *Die Hervormer* 17/9, 192.

1926. Ds Vermooten en die Koopmansfonds. *Die Hervormer* 17/10, 217.

1926. Bybeleksamen 1926. *Die Hervormer* 17/11, 236.

1926. Sondagskoolverslag Westelike Ring. *Die Hervormer* 17/12, 257.

1926. Bybelkenniseksamen: Offisieel. *Die Hervormer* 18/1, 2.

1926. Almanak 1926: Statistiese opgawes 1 Okt 1925-30 Sept 1926. *Die Hervormer* 18/5, 52.

1926. Bybelkenniseksamen uitslae. *Die Hervormer* 18/9, 102.

1926. Kerkdiensten. *Die Hervormer* 18/12, 145.

1927. Kerkdiensten. *Die Hervormer* 18/13, 159.

1927. Voorgeskrewe werke vir die Bybelkenniseksamen moet opgestuur word. *Die Hervormer* 18/17, 211.

1927. Pietersburg kerkdiensten. *Die Hervormer* 18/20, 270.

1927. Pietersburg kerkdiensten. *Die Hervormer* 18/21, 285.

1927. Pietersburg kerkdiensten. *Die Hervormer* 18/22, 298.

1927. Vergadering van die Redaksie van *Die Hervormer* en die *Almanak*. *Die Hervormer* 18/23, 308.

1927. Meer intekenaars vir *Die Hervormer*. *Die Hervormer* 18/23, 312.

1927. Bybelkenniseksamen uitslae. *Die Hervormer* 19/7, 77.

1928. Bybelkenniseksamen: Hogere Afdeling uitslag. *Die Hervormer* 19/12-13, 138.

1928. Bybelkenniseksamen 1928. *Die Hervormer* 19/18, 207.

1928. 'n Nuwe Ringsverdeling – beskrywingspunt: Oostelike Ring. *Die Hervormer* 20/2, 28.

1928. Bybelkenniseksamen uitslae. *Die Hervormer* 20/7, 111.

1929. Rustenburg Ringsvergadering 1929. *Die Hervormer* 20/10, 147.

1929. Uitslag: Bybelkenniseksamen, Onderwysdiploma 1928. *Die Hervormer* 20/12, 171.

1929. 'n Sondagskooldiploma opgestel deur die Kommissie. *Die Hervormer* 20/14, 197.

1929. Bybelkenniseksamen 1929. *Die Hervormer* 20/17, 232.

1960. Rapport aan die Kerkraad van Pretoria-Oos ivm die uitsit van die nagmaalservies op Sondae. *Die Hervormer* 51/1, 11.

1963. Opleiding te Turfloop oproep word gedoen vir die werwing van Bantoestudente. *Die Hervormer* 54/9, 19.